

2 Maart

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-8

Fokusgedeelte: Jakobus 1:2-4

Met vreugde in God se gimnasium

Het jy al ervaar dat jy werklik sukkel om in 'n bepaalde aspek van jou geestelike lewe te groei? Jy kan dalk nie ophou om jou te bekommer nie. Jy gaan dus met groot erns op jou knieë en smee die Here om jou daarmee te help. Wat gebeur? Jy het skaars klaar gebed of iets vind plaas wat net nóg kommer meebring. Die effek hiervan is moedeloosheid en teleurstelling. Wat help dit jy bid daarvoor as jy steeds misluk?

Die rede hiervoor kan wees dat jy 'n baie basiese geestelike wet nie ken nie. Die Gees leer ons hier in Jakobus: Vir jou geloof om te groei, moet dit beproef word.

Let op hoe skakel hierdie paar verse in mekaar: Beproeving is 'n toets, en as hierdie toets deurstaan word, leer ek volharding, en as die volharding volgehou word, lei dit tot volle geestelike volwassenheid. Geloof is dus soos 'n spier. As ek my spiere wil ontwikkel, moet ek oefening doen. Ek moet met gewigte oefen sodat die spier teen 'n swaar weerstand kan werk.

Dieselfde geld vir my geloof. Juis daarom laat God my soms in beproewinge val. Dit is sy gimnasium. As ek daarom vir groter geloof bid, moet ek besef: Ek bid vir beproewing. Ek bid vir situasies waarin ek moet leer om op God te vertrou. Wanneer God my dan in sulke situasies plaas, moet ek besef dat my gebed verhoor is en moet ek in vreugde volhard.

Verstaan jy nou waarom beproewinge met vreugde tegemoet gegaan kan word?

Ds D Pansegrouw (Oos-London)